

Herkouer-lekaanvulling in perspektief

Deur André Bezuidenhout, Pr.Sci.Nat, Feedtek

Die gebruik van lekke as aanvullende voeding vir herkouers is algemeen op veral ekstensiewe veeplase. Klimaatstoestande en seisoene het tot gevolg dat veldweiding se kwaliteit en kwantiteit gedurende die jaar aansienlik wissel.

Veranderende voedingsamestelling

Namate weidings uitgroei en saad teen die einde van die groeiseisoen vorm, neem die veselinhoud daarvan toe terwyl die proteïeninhoud begin afneem. Die toenemende veselinhoud gaan gepaard met 'n afname in verteerbaarheid en dus kondisie en liggaamsgewig. Die veldtipe verskil ten opsigte van die voedingswaarde en smaaklikheid daarvan gedurende die verskillende seisoene. Dit het 'n groot effek op diereproduksieresultate en oorwegings rondom die tipe lekaanvulling.

Ernstige droogtes het verder dikwels tot gevolg dat die hoeveelheid veldweiding onvoldoende vreetbare ruvoer bevat. Ruvoer moet dan addisioneel tot lekaanvulling voorsien word.

Voedingstekorte en ongebalanseerde voeding weens bogenoemde wisselinge is dan oorwegend die oorsaak van swak produksie- en reproduksieresultate. Die benutting van veral droë en relatief swak gehalte veld kan egter doeltreffend verbeter word deur die aanvulling van voedingstowwe wat vertering en dus veldbenutting verbeter.

Effek van veldgehalte op benutting

Wanneer die proteïeninhoud van veldweiding, veral grasveld, laer as ongeveer 6% daal en die verteerbaarheid van die weiding laer as ongeveer 50% is, neem veselvertering deur die mikroörganismes in die rumen af. Hulle sterf af weens 'n proteïentekort. Gevolglik daal die inname van die weiding drasties, omdat die diere se rumens gevul is met onverteerde gras.

Vir die beste benutting van lae-gehalte veldweiding en om diere se prestasie

daarop te verbeter, is dit belangrik om die verteerbaarheid en inname daarvan te verhoog deur aanvulling van sekere kritiese voedingstowwe aan die mikrobies.

Onder sulke toestande is die voorsiening van addisionele proteïene aan die mikrobies in die vorm van nie-proteïen stikstof (NPN) soos ureum belangrik, aangesien dit help om hul getalle in stand te hou. Energie en swaai is nodig vir die doeltreffende benutting van NPN. Die mikrobies verteer vesel en verskaf sodoende energie aan die dier, terwyl die afgestorwe mikrobies dien as 'n belangrike proteïenbron. Dit is die direkte gevolg van hul kort lewensiklus.

Gunstige rumenomstandighede vir die groei en vermeerdering van die mikro-organismes is dus deurslaggewend in suksesvolle lekaanvulling.

Ander rolspelers

'n Fosfaattekort onderdruk weidingsinname terwyl beeste wat fosfaataanvulling ontvang, geneig is om minder selektief te wei. Volgens navorsing is skape 'minder vatbaar' vir 'n fosfaattekort weens die verskille in vreetgewoontes tussen skape en beeste. Skape kan meer selektief wei. Sekere weidingstudies het getoon dat daar by skape 'n proteïentekort voorkom alvorens fosfaat beperkend raak. Die toenemende intensiewe produksiestelsels vir skape het egter tot gevolg dat fosfaataanvulling vir hulle noodsaaklik is.

Fosfaat vervul 'n belangrike rol by energiemetabolisme en pH-regulering, terwyl dit ook in die skelet voorkom. Tekorte het tot gevolg dat veselvertering en inname onder meer benadeel word met swakker groei en reproduksie resultate.

Makro- en mikro-minerale tesame met vitamienes vervul 'n belangrike rol in metabolisme prosesse, gesondheid en vrugbaarheid. Die gebalanseerde insluiting daarvan is noodsaaklik vir volgehoue hoë peile van produksie en reproduksie.

Onvoldoende ruvoer op die veld kan nie met lekaanvulling reggestel word nie en

is dikwels die oorsaak van oormatige hoë lekinname. Dit moet aangevul word deur ekstra ruvoer afsonderlik beskikbaar te stel.

Behoeftes vir reproduksie

Suksesvolle reproduksie is grootliks afhanklik van voldoende voedingstowwe en die korrekte balans daarvan tydens kritieke periodes in die reproduksiesiklus. 'n Lakterende ooi of koei benodig ongeveer drie keer meer proteïene en energie as nie-dragtige vroulike diere. Meerlingnageslag het 'n groot effek op voedingstofbehoeftes.

Gedurende laatdragtigheid en laktasie is die behoeftes van meerlingooie ongeveer 50% meer as dié van enkelingooie. By veral skape is die aanvulling van deurvloei-proteïene tydens laatdragtigheid en laktasie belangrik om voldoende melkproduksie te verseker, terwyl dit voordelig is vir jong groeiende diere.

Veldweiding is dus oorwegend onvoldoende om volledig in die behoeftes vir optimale siekteweerstand, groei en vrugbaarheid te voorsien. Gevolglik is strategiese lekaanvulling noodsaaklik vir suksesvolle verhoging in diereproduksie.

Individuele lekinname

Variasie in individuele diere se lekinname het dikwels tot gevolg dat verwagte diereprestasie nie bereik word nie. Navorsing het getoon dat tot ongeveer 15% van skape in 'n kudde soms geen lek vreet nie, veral by laer verwagte lekinnamepeile soos onderhoudslekke.

Faktore soos vreetspasie, smaaklikheid en vorige ondervinding het 'n belangrike invloed op die variasie in lekinname binne 'n kudde.

Effek op produksie en reproduksie

Navorsing met beeste het getoon dat kalf- en speenpersentasies onderskeidelik 10,3 en 7,3% hoër was waar fosfaataanvulling met slegs soutaanvulling vergelyk is. 'n Proteïen-energie-mineraal-aanvulling wat afwisselend met fosfaataanvulling verskaf

is (in vergelyking met slegs sout), het egter onderskeidelik 38,9 en 19,7% hoër kalf- en speenpersentasies tot gevolg gehad.

Verskeie ander navorsingsresultate het getoon dat fosfaataanvulling kalfspeengewig met 16 tot 27,5% verhoog het. Verder het onvoldoende kondisie tydens die dekseisoen by koeie ongeveer 20% laer besetting tot gevolg gehad.

Verskillende tipes lekke

Op groeiende groenweidings wat voldoende proteïen en energie bevat, is fosfaat oorwegend die eerste beperkende voedingstof, veral tydens die nie-dragtige en vroegdragtige fases van teeldiere. Dan word fosfaat en ander minerale voorsien as 'n mineralelek. Indien die fisiologiese stadium (laatdragtigheid of laktasie) van teeldiere of kondisie van diere dit vereis, kan 'n minerale onderhouds- of minerale produksie- of energielek gegee word wat energie en proteïen, veral deurvloeiproteïen, bevat.

Wanneer groenweiding se kwaliteit gedurende die herfs in somerreënvalstreke begin daal, is die voorsiening van matige hoeveelhede proteïen en energie saam met fosfaat en ander minerale belangrik.

Lekke gedurende hierdie oorgangsfase word oorgangseleke genoem. Hierdie oorgangseleke kan, afhangende van die diere se kondisie en groei- of fisiologiese stadium, as 'n onderhouds-, produksie- of energielek saamgestel word.

Tydens die droë periode wanneer die proteïeninhoud van veral grasse afneem, is proteïen normaalweg die eerste beperkende voedingstof en moet dit saam met fosfaat en ander minerale aangevul word. Verder het droë grasweiding dikwels onvoldoende vinnig-beskikbare energie wat saam met proteïen noodsaaklik is vir suksesvolle omsetting in mikrobiële proteïen.

'n Proteïenlek, of winter/droë-seisoen onderhoudslek, word gewoonlik tydens die aanvang van die droë seisoen voorsien wanneer voldoende weiding beskikbaar is. Later in die droë seisoen neem die gereidelik-verteerbare materiaal af en word meer energie benodig, veral tydens toeneemende fisiologiese behoeftes voor lam of kalwing. Dan is 'n winter produksie- of energielek die aangewese lek vir die voorsiening van meer voedingstowwe.

Na die eerste lentereën kom daar dikwels gemengde droëveld en nuwe kort

groeiende groenveld voor. Lekaanvulling in die vorm van 'n oorgangselek (minder NPN-insluiting as met winterleke) kan gegee word.

Reproduksie-oorewegings

Saam met veldtype en -toestand het die kondisie en fisiologiese stadium van teeldiere 'n belangrike invloed op die spesifieke tipe lekaanvulling. Die verandering in liggaamsgewig en kondisie is 'n belangrike aanduiding van veldtoestand en of die spesifieke tipe lekaanvulling voldoende is om in huidige behoeftes vir produksie en/of reproduksie te voorsien.

Dit is belangrik dat voldoende veldweiding/ruvoer deurgaans beskikbaar moet wees, aangesien lekaanvulling dit nie kan vervang nie. Die voorsiening van kruipvoeding aan lammers en kalwers voor speen, kan die behoefte vir lekaanvulling aan ooie en koeie tydens laktasie aansienlik verlaag. ^{VP}

Vir meer inligting,
kontak André Bezuidenhout
by andre@feedtek.co.za of
besoek www.feedtek.co.za.



**Spesialis Veevoer
Konsentrate**

Dankie Feedtek!

My eienaar kan nou
maklik **kostedoeltreffende**
hoë-kwaliteit lek-aanvullings
vir beeste **tuis meng**
met **Feedtek produkte** vir
optimale **vrugbaarheid,**
melkproduksie en gesondheid!

☎ 086 111 5362

@ info@feedtek.co.za

🌐 www.feedtek.co.za

📺 📺